Hierdie Somer het Wildeklawer...'n 'Sweet Surprise'

Rooi, Oranje en Geel Pitlose Waatlemoen bekendstelling deur Wildeklawer in SA

Vrugte liefhebbers kan uitsien na 'n heerlike bederfie hierdie somer, met die bekendstelling van Wildeklawer, 'Sweet Surprise'. Die geliefde waatlemoen het sy oorsprong duisende jare gelede in die Kalahari Woestyn gehad. Die pitlose variant is in drie unieke kleure beskikbaar – tradisionele rooi, maar nou ook in oranje en geel. 'n Kraakvars somer maaltyd sal nooit weer dieselfde lyk of proe nie!

"Pitlose waatlemoene is nie 'n nuwe ontwikkeling nie, en is reeds vir sowat 50 jaar beskikbaar. Dit is baie gewild wêreldwyd. Die eerste deurbraak in pitlose waatlemoene is gemaak in die 1950's in Japan. Daar was wel bekommernisse oor die kwaliteit en smaak, wat addisionele aandag geverg het. Intensiewe navorsing en ontwikkeling het gelei tot groot verbeteringe op die plant en vrug kwaliteit in die 1980's, asook die aanvaarding van die waatlemoen in die Verenigde State. Nie lank daarna nie het die pitlose waatlemoen 'n deurbraak gemaak in verskeie lande, soos Australia en Spanje - wat nou bykans 80% van die mark domineer.

Weens beperkte genetiese materiaal, was kommersiële bemarking van die geel en oranje vrugte nie suksesvol nie. Danksy goeie ontwikkeling, vordering en die vermoë om oranje en geel vrugte op grootskaal te produseer en te bemark, is dit 'n wêreld eerste en 'n reuse sukses vir Suid-Afrika," sê Louis de Kock, eienaar van Wildeklawer – gekroon as die Nasionale Boer van die Jaar vir 2006.

"Starke Ayres, 'n toonaangewende saad verskaffer in Suid-Afrika, het intensiewe navorsing gedoen om die beste kultivar te identifiseer, wat gepas sal wees vir Suid-Afrikaanse omstandighede en markte. Wildeklawer het verskeie proef aanplantings gedoen, om te verseker dat die beste moontlike smaak en tekstuur ontwikkel word, ten einde `n produk daar te stel, wat gewild sal wees vir die Suid-Afrikaanse verbruiker," sê Louis.

Die proef- en kommersiële aanplantings van die pitlose variante was gedoen oor die afgelope paar jaar. Dit het oorweldigende positiewe resultate opgelewer in die mark. Uiteindelik met 2010 om die draai, kan Suid-Afrikaanse produseerders, verkopers en verbruikers uitsien, na een van die mees opwindendste vars produkte bekendstellings. Dit is 'n TROTS Suid-Afrikaanse mylpaal, wat ons met rasse skrede voor die res van die wêreld plaas.

"Pitlose waatlemoene is besig om meer gesog te raak, soos mense die voordele daarvan besef. Die verbeterde tekstuur van die waatlemoen, bied 'n toename in die kraakvarsheid van die vrug, met 'n dieper smaak, 'n volronde soetheid, asook briljante kleure, en lewer 'n langer raklewe. Hierdie voordele is meerendeels te danke aan die afwesigheid van volwasse pitte in die vrug, wat lei tot 'n afname in Ettileen, een van die hormone wat 'n redelike groot effek op die lewenssiklus van die waatlemoen het. Die pitlose kultivar in die Wildeklawer reeks, spreek van uitmuntende gehalte, en is absoluut die beste in die wêreld," sê Louis ten slotte.

"Sweet Surprise" word amptelik bekendgestel aan die media en verkopers gedurende November, en sal direk daarna beskikbaar wees aan verbruikers regoor die land.

As jy gedink het dat waatlemoen net voorgesit kan word in verkoelde blokkies – wag daar vir jou 'n besondere verrassing! Twee van Suid-Afrika se top spyseniers, Andrew Atkinson (MichelAngelo in Sandton) en Rudi Liebenberg (Mount Nelson in Kaapstad) staan gereed om 'n sprankelende voorbereiding van 'Sweet Surprise' aan te bied by beide Kaapstad en Johannesburg se bekendstellings. Wees gereed vir 'n somer verrassing met vinger-lek-lekker smake, idees en ontwerpe, wat jou sal laat hunker vir meer!

Aangaande Wildeklawer

Louis de Kock was 'n lektor in Landbou Ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria. Hy het sy belowende akademiese loopbaan sowat 20 jaar gelede laat vaar, en op soek na 'n droom, het hy sy pad gevind na Wildeklawer in die Noord-Kaap. Wildeklawer is geleë op die oewers van die Vaal Rivier naby Barkly-Wes. Louis en Cora (Prokureur) het Wildeklawer omskep in Suid-Afrika se grootste enkele produseerder van uie vir die Suid-Afrikaanse mark, sowel as uitvoere na oorsese lande. Gedurende elke seisoen, pak Wildeklawer meer as 2.4 miljoen uie per dag. Wildeklawer is 'n vooraanstaande aartappel produseerder, en ook een

van die land se grootste produseerders van koring en mielies, asook ander rankgewasse soos skorsies, pampoen ens.

Wildeklawer is gesteld op kwaliteit en het ontwikkel in een van die grootste groente produserende plase in Suid-Afrika. Hierdie is maar 'n druppel in die emmer vir wat nog voorlê! Dit is gepas dat hierdie "diamant" in Suid-Afrika se voedselproduksie-reeks, gevestig is net buite Kimberley, die wêreld se diamant hoofstad.

Eindig...

Vrygestel deur: Teresa Settas Communications
Meer Informasie: Teresa Settas or Deidre Beylis
(011) 894 2767 or deidre@tscommunications.co.za
Ten bate van: Wildeklawer - Louis de Kock
Datum: 20 November 2009

Vir meer informasie aangaande Wildeklawer, kontak asseblief:
Cassie Carstens
Tel: 053 531-0700
E-pos: cassie@wildeklawer.com
Webtuiste: www.wildeklawer.com